# 67 Die Heiland is my Herder trou




Waar strome lewenswater vloei,
laaf Hy my siel genadig,
en waar die groene weide groei,,
sal Hy my siel versadig.

Ofskoon ek onverstandig dwaal,
soek ek sy liefde heilig;
en op sy skouers ingehaal,
voer Hy my huiswaarts veilig.

Ek vrees selfs nie die doodsdal swart,
met U, o Heiland, by my;
u stok en staf vertroos my hart,
u sterke hand bewaar my.

Die tafel wat U my berei,
bewys vir my u goedheid.
Die beker uit u hand verkry,
loop oor van louter goedheid.

U liefde sal my nooit verlaat,
getroue, Hemelkoning,
tot ek beklee met rein gewaad
daar bly in ewig woning.

Henry W. Baker (1821-77) J.B. Dykes (1823-76)